EMERGENCY MEDICAL CARE ER24

**084 124**



# INTERNASIONALE REISVERSEKERING

Geagte Bestmed-lid

ER24 is bevoorreg om aan u, as lid van Bestmed, internasionale reisdekking vir mediese noodtoestande te bied. ER24 het 'n kontrak vir die lewering van gespesialiseerde dienste met Chartis, wat in meer as 130 lande, gebiede en jurisdiksies wêreldwyd sake doen, gesluit. Chartis roem homself inderdaad daarop dat die maatskappy een van die grootste en invloedrykste versekerings- en finansiëlediensteorganisasies ter wêreld is!

Indien u internasionaal reis tydens 'n vakansie en u benodig nood-mediese bystand, skakel bloot die volgende nommer:

**+27 10 205 3100**

Wanneer die operateur u polisnaam of - nommer versoek, sê asseblief die volgende "ER24 INTERNATIONAL TRAVEL EXTENSION" en verskaf u Bestmed-lidmaatskapnommer.

Die polis kan van die Bestmed-webtuiste by www.bestmed.co.za afgelaai word. Dié polisdokument word vereis wanneer u aansoek doen om visums en moet tydens u reis byderhand gehou word. Kontak asseblief Chartis by 0860 100 491 ten einde 'n ambassadebrief te bekom voordat u 'n ambassade besoek om vir u visum aansoek te doen. Geen bykomende aktivering van u polis word benodig voordat u op u reis vetrek nie. Die feit dat u 'n aktiewe medieseskema-lid is, verskaf ingevolge die terme en voorwaardes van die aangehegte skedule, automatiese wêreldwye reisdekking aan u. U moet die ER24-kantore direk by tel no 011 319 6300 kontak om bykomende versekering uit te neem indien enige van die volgende op u van toepassing sou wees:

- Lede van ouer as 80 jaar wat wil reis;
- Lede wat beplan om vir 'n tydperk van langer as 90 dae te reis;
- Lede wat van plan is om aan riskante of gevaarlike aktiwiteite deel te neem tydens 'n reis.

Indien u van voorneme is om internasionaal te reis, word u versoek om asseblief die Bestmed-webtuiste te besoek by www.bestmed.co.za en die polis deeglik na te gaan ten einde op hoogte te wees van hoe u polis werk.

Daar word slegs drie eenvoudige stappe benodig om te verseker dat u dekking geniet:

1. Verkry die reisdekkingpolis (via Bestmed-webtuiste of die Kontaksentrum);
2. Verkry die toepaslike ambassadebrief / - briewe indien benodig vir visums (via Chartis soos hierbo vermeld);
3. Hou u dokumente byderhand tydens u reis.

U kan gerus die Bestmed-kontaksentrum by 086 000 2378 skakel indien u enige algemene navrae rakende hierdie bykomende produkaanbod het.

bestMed

Better living. Better life.